*Historia* 54,2, November 2009, pp 178-196

# Die Stigting van die Kaapkolonie in die Nederlandse Geskiedskrywing

***Pieter de Klerk****

## Inleiding

Gedurende die sestiende en sewentiende eeu, het vyf Europese moondhede – Portugal, Spanje, Nederland, Engeland en Frankryk – maritieme handelsryke tot stand gebring wat oor groot dele van die wêreld gestrek het. Elk van die vyf state het ook kolonies op ander vastelande gestig, waarheen inwoners van die moederland geëmigreer het en waarin die samelewingsvorme, kultuur en taal van die moederland op vreemde bodem gevestig is. Die Amerikaanse vasteland bestaan vandag hoofsaaklik uit state wat ŉ grotendeels Europese of Westerse kultuur het, met Portugees, Spaans, Engels en Frans as die vernaamste spreektale. Nederlands word, wat die Amerikaanse vasteland betref, net in Suriname en enkele klein Karibiese eilande as amptelike taal en/of spreektaal gebruik. Daarbenewens is dit slegs in die suidelike deel van Afrika wat ŉ samelewing met ŉ hoofsaaklik Westerse kultuur en ŉ taal wat uit Nederlands ontwikkel het, tans nog bestaan. Die stigting van ŉ Nederlandse kolonie aan die Kaap in die tweede helfte van die sewentiende eeu was dus onteenseglik ŉ belangrike gebeurtenis in die geskiedenis van Nederland, en van die Nederlandse samelewing en kultuur.

Het die Nederlanders steeds bewus gebly van hulle taal- en kultuurbande met Afrikaanssprekendes en watter waarde het hulle daaraan geheg? Hieroor is reeds heelwat geskryf en veral Schutte bied ŉ goeie geheeloorsig van die onderwerp.[1] Daar is egter beslis nog ruimte vir verdere ondersoek. Oor die aandag wat in die Nederlandse geskiedskrywing aan Suid-Afrika bestee is, is nog weinig navorsing gedoen. In hierdie artikel word op ŉ bepaalde aspek gefokus, naamlik in hoeverre en op watter wyse die stigting van die Kaapkolonie in die Nederlandse geskiedskrywing figureer.[2]

Daar word nie gepoog om na te gaan hoe volledig of korrek alle besonderhede rakende die stigting behandel word nie, maar veral watter aspekte beklemtoon word en hoe die historiese betekenis daarvan beoordeel word. Die Nederlandse kolonisasie van die Kaap het daarop uitgeloop dat die inheemse Khoikhoi-bevolking onderwerp is, maar ook dat hulle uiteindelik hulle oorspronklike taal en kultuur grotendeels verloor en ŉ Westerse kultuur van hoofsaaklik Nederlandse oorsprong aanvaar het. Die Nederlandse taal en kultuur is dus nie net deur immigrasie nie, maar ook deur opname van die inheemse bewoners in die kultuur en samelewing van die

* Pieter de Klerk is professor in Geskiedenis aan die Vaaldriehoekkampus van die Noordwes-Universiteit Hy is die skrywer van verskeie artikels op die terrein van die historiografie

1 G J Schutte, *Nederland en de Afrikaners; Adhesie en Aversie* (Wever, Franeker, 1986)

2 Daar is reeds navorsing gedoen oor enkele fasette van die onderwerp W van Ledden, *Jan van Riebeeck tussen Wal en Schip; een Onderzoek naar de Beeldvorming over Jan van Riebeeck in Nederland en Zuid-Afrika omstreeks 1900, 1950 en 2000* (Verloren, Hilversum, 2005), handel oor geskiedwerke en ander publikasies wat in Nederland en Suid-Afrika oor Van Riebeeck verskyn het Onder die bibliografiese studies is veral van belang: W P Coolhaas and G J Schutte, *A Critical Survey of Studies on Dutch Colonial History* (Nijhoff, Den Haag, 1980 – tweede uitgawe)

koloniseerders in Suid-Afrika gevestig. Daarom, maar ook omdat die totstandkoming van ŉ koloniale verhouding tussen die inboorlinge en die koloniseerders (wat aan die Kaap amptenare en soldate, maar ook setlaars ingesluit het) ŉ sentrale element in enige kolonisasieproses is, word in besonder daarop gelet of en, indien wel, op watter wyse die uitwerking van die stigting van die Kaapkolonie op die inheemse bewoners in die geskiedskrywing behandel word.

Die Nederlandse Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) het aanvanklik slegs ŉ verversingspos aan die Kaap gestig en dit het eers in die daaropvolgende dekades tot ŉ vestigingskolonie gegroei. Daarom moet die periode van ongeveer 1650 tot 1700 as die stigtingsperiode van die Kaapkolonie beskou word. Aangesien die betekenis van die stigting van die Kaapkolonie eers uit die ontwikkelinge in latere eeue duidelik word, is dit in die ondersoek in ag geneem dat ŉ skrywer wat ook die latere geskiedenis van die kolonie behandel, soms in daardie gedeelte die betekenis van die stigting verder bespreek.

Die ondersoek word beperk tot geskiedwerke wat na 1800 geskryf is. Hoewel daar ook al vroeër, dus gedurende die tydperk van die Nederlandse bestuur aan die Kaap, publikasies in Nederland verskyn het waarin van die stigting van die Kaapkolonie melding gemaak word, kan hierdie werke meesal nie as geskiedwerke beskou word nie. Sommige van hierdie geskrifte is van die hand van persone wat die Kaap besoek het en daarin word reisindrukke met historiese gegewens gekombineer.[3] Dit word gewoonlik aanvaar dat die geskiedkunde in die negentiende eeu tot ŉ vakwetenskap ontwikkel het, ook in Nederland, maar ŉ groot deel van die negentiende-eeuse werke waarna hieronder verwys word, is nie geskryf deur professionele historici nie. Wat die twintigste eeu betref, word hoofsaaklik gekonsentreer op die publikasies van wetenskaplik opgeleide historici en in die eerste plek op werke wat op grond van ŉ studie van dokumente tot stand gekom het. Daar is egter betreklik min sulke geskrifte wat op die stigting van die Kaapkolonie betrekking het, deur Nederlanders gelewer, en bowendien is dit van waarde om na te gaan hoe die stigting van die kolonie deur geskiedskrywers in ŉ wyer konteks geplaas word. ŉ Groot aantal uitgebreide sintesewerke oor die geskiedenis van Nederland, die Nederlandse samelewing en kultuur, en die Nederlandse kolonies het in Nederland die lig gesien en word ook in oënskou geneem. Beknopte geheeloorsigte oor die Nederlandse geskiedenis, skoolhandboeke en populêr-wetenskaplike publikasies word egter buite rekening gelaat. Daar sal dus nie nagegaan word in hoeverre bepaalde interpretasies oor die stigting van die Kaapkolonie ŉ neerslag gevind het in die populêre geskiedskrywing en die geskiedenisonderwys nie.

Met Nederlandse geskiedskrywing word bedoel geskiedwerke wat deur inwoners van Nederland geskryf is. Nederlandstalige geskiedwerke deur onder meer inwoners van Suid-Afrika en België, word hier dus buite rekening gelaat.[4] Aan die

3 J Landwehr, *A Bibliography of Publications relating to the Dutch East India Company, 1602-1800* (HES, Utrecht, 1991), gee ŉ uitgebreide oorsig van publikasies wat voor 1800 oor die VOC en sy kolonies, insluitende die Kaapkolonie, verskyn het

4 Nederlanders wat ŉ tyd lank in Suid-Afrika gewoon het en later weer teruggekeer het na Nederland, soos F Lion Cachet, N Mansvelt, W J Leyds en E C Godée Molsbergen, word in hierdie artikel as Nederlandse geskiedskrywers gereken Nederlandse immigrante wat hulle permanent in Suid-Afrika gevestig het, soos M Borcherds, W J G van Oordt en J Ploeger, se werke word daarenteen nie tot die Nederlandse geskiedskrywing gereken nie

ander kant het sommige Nederlandse historici veral in die afgelope dertig jaar, in ooreenstemming met internasionale tendense, werke in Engels gelewer. Sulke geskrifte word ook as deel van die Nederlandse geskiedskrywing beskou.

Ter wille van oorsigtelikheid word die negentiende-eeuse geskrifte, die publikasies tussen 1900 en 1980 en die werke wat sedert 1980 verskyn het, dus die resente geskiedskrywing, elk in ʼn aparte afdeling behandel.

**Die negentiende eeu**

In vroeë geheeloorsigte oor die Nederlandse geskiedenis word maar min na die stigting van die Kaapkolonie verwys. In die uitgebreide agtiende-eeuse werk van Wagenaar, word die stigting van die Kaapkolonie nie eens vermeld nie.[5] Ook die negentiende-eeuse geskiedskrywers Bilderdijk, Groen van Prinsterer en Van Lennep verwys nie na die stigting van die Kaapkolonie nie.[6] In ʼn ander, heelwat beknopter werk, word tog wel in ʼn hoofstuk oor "*zeetogten, ontdekkingen, uitvindingen, kunsten en wetenschappen*" tydens die sewentiende en agtiende eeu in enkele sinne aangedui dat die VOC se besittings in die tweede helfte van die sewentiende eeu in Afrika en ander wêrelddele uitgebrei is; Van Riebeeck het in 1652 "*op Afrika's zuidelijke punt de Kaap-kolonie aangelegd, die tot vestigingsplaats voor onze oost-indisch-vaarders diende*".[7]

In 1831 het ʼn omvangryke werk met die titel *Geschiedenis der Nederlanders buiten Europa,* uit die pen van N.G. van Kampen, verskyn.[8] Van Kampen gee ʼn chronologiese oorsig van die geskiedenis van die Nederlandse kolonies in Asië, Afrika en Amerika op grond van gepubliseerde bronne. In die geskrif van meer as ʼn duisend bladsye, word ongeveer sewe bladsye aan die stigting van die Kaapkolonie afgestaan, wat veral gebaseer is op Valentyn se agtiende-eeuse beskrywing van die VOC se kolonies.[9] In die oorsig oor Jan van Riebeeck en sy stigtingswerk, kom verskeie feitefoute voor[10] en hy verklaar verkeerdelik dat Van Riebeeck die grond

5 J Wagenaar, *Vaderlandsche Historie, vervattende de Geschiedenissen der Vereenigde Nederlanden, inzonderheid die van Holland van de Vroegste Tijden af* (Tirion, Amsterdam, 1749-1759), 21 bande

6 W Bilderdijk, *Geschiedenis des Vaderlands* (Warnars, Amsterdam, 1832-1853), 13 bande; G Groen van Prinsterer, *Handboek der Geschiedenis van het Vaderland* (Luchtmans, Leiden, 1846), 2 bande; J van Lennep, *De Geschiedenis van Nederland, aan het Nederlandsche Volk Verteld* (Sijthoff, Leiden, hersiene druk, s j , omstreeks 1890), 4 bande

7 M J van Oven, *Geschiedenis van Nederland, van de Vroegste Tijden tot op Heden* (Dannenfelser, Utrecht, s j , omstreeks 1850), p 272

8 N G van Kampen, *Geschiedenis der Nederlanders buiten Europa, of Verhaal van de Togten, Ontdekkingen, Oorlogen, Veroveringen en Inrigtingen der Nederlanders in Aziën, Afrika, Amerika en Australië, van het Laatste der Zestiende Eeuw tot op dezen Tijd* (Bohn, Haarlem, 1831), 3 bande

9 F Valentyn, *Beschrijvinge van de Kaap der Goede Hoope met de Zaaken daar toe Behoorende* (1726, herdruk met aantekeninge, Van Riebeeck Vereniging, Kaapstad, 1971-1973, 2 bande); dit is ʼn gedeelte van sy werk *Oud en Nieuw Oost-Indiën*, wat uit 5 bande bestaan.

10 Hy gee byvoorbeeld Van Riebeeck se voornaam as Antonie aan en die datum van sy aankoms aan die Kaap as 6 April 1651 Van Kampen, *Geschiedenis der Nederlanders buiten Europa,* II, pp 31-32 Die foute kom nie voor nie in Valentyn, *Beschrijvinge van de Kaap der Goede Hoope*, nie

waarop die verversingspos aangelê is, van die inboorlinge gekoop het.[11] Hy vertel egter ook dat vyandelikhede met die Khoikhoi[12] uitgebreek het omdat Van Riebeeck grond wat hulle as hulle besitting beskou het, aan sy "*volkplanters*" uitgedeel het.[13] Van Kampen skryf dat 'n Khoikhoi-hoofman aan Van Riebeeck gevra het wat die Nederlanders daarvan sou sê as húlle land binnegeval en met geweld van hulle weggeneem sou word.[14] Hy skryf verder dat Simon van der Stel die kolonie uitgebrei het met vrugbare landbougrond en Stellenbosch en Drakenstein gestig het.[15]

In 1854 het, sover vasgestel kan word, die eerste geheeloorsig oor die geskiedenis van die Kaapkolonie onder Nederlandse bestuur verskyn.[16] U.G. Lauts, wat voor 1840 'n hoogleraar in die Nederlandse taal- en letterkunde was, het 'n belangrike rol gespeel om belangstelling in die Boererepublieke onder die Nederlanders te wek.[17] Sy werk oor die Kaapkolonie is gebaseer op dokumente wat hy in Nederland kon raadpleeg. Hy gee in die eerste hoofstuk 'n beskrywing van Suid-Afrika se inheemse bewoners, die Bantoesprekende stamme sowel as die Khoikhoi en die San. Wat laasgenoemdes betref, verwerp hy 'n opvatting wat blykbaar in daardie tyd bestaan het, naamlik dat hulle eintlik Khoikhoi was wat na aanraking met die Nederlandse koloniste tot 'n staat van "*ellende en verworpenheid*" gebring is, maar hy dui wel aan dat daar dikwels deur die blanke koloniste op die San jag gemaak is, soos op "*wild en schadelijk gedierte*".[18] Lauts verklaar dat, nadat Van Riebeeck in 1657 begin het om vryburgers aan die Kaap te vestig, hy die stigter geword het, nie net van 'n verversingspos nie, maar van 'n volksplanting.[19] Lauts skryf kortliks oor die invoer van slawe en meld dat die Khoikhoi "*van wege hunne traagheid*" net as veewagters gebruik kon word.[20] Lauts skryf ook oor Simon van der Stel se ekspedisie na Namakwaland en merk op dat Van der Stel daar geen goud of

---

11 Van Kampen, *Geschiedenis der Nederlanders buiten Europa* II, p 328 Daar het wel in 1672 (dus ná die tyd van Van Riebeeck) 'n kooptransaksie tussen die VOC-amptenare aan die Kaap onder leiding van die besoekende kommissaris Aernout van Overbeke en twee Khoikhoi-hoofmanne plaasgevind, waarvolgens die grond wat reeds onder Kompanjiesbeheer was, amptelik deur die hoofmanne, wat in elk geval nie die enigste Khoikhoihoofmanne was wat in hierdie gebied gewoon het nie, aan die Kompanjie oorgedra is in ruil vir 'n aantal goedere wat in totaal baie min werd was Vergelyk G J Schutte, "Van Overbeke, Aernout", *in* W J de Kock en D W Krüger (reds ), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* II (Tafelberg, Kaapstad, 1972), pp 815-816; R Elphick, *Khoikhoi and the Founding of White South Africa* (Ravan, Johannesburg, 1985, tweede uitgawe), p 124

12 Feitlik al die Nederlandse skrywers het tot laat in die vorige eeu die term "*Hottentotten*" vir die Khoikhoi en "*Bosjesmannen*" vir die San of Boesmans gebruik

13 Van Kampen, *Geschiedenis der Nederlanders buiten Europa* II, p 330

14 Van Kampen, *Geschiedenis der Nederlanders buiten Europa* II, p 330 Dit is oorgeneem uit Valentyn, *Beschrijvinge van de Kaap der Goede Hoope* II, p 166

15 Van Kampen, *Geschiedenis der Nederlanders buiten Europa* II, pp 331-332

16 U G Lauts, *Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop, Nederlandsche Volksplanting, 1652-1806* (Sijbrandi, Amsterdam, 1854)

17 Vergelyk J Ploeger, "Ulrich Gerhard Lauts (1787-1865); die Skakel tussen Nederland en die Voortrekkers", *Historiese Studies*, 4, Mei 1940, pp 1-27 Lauts het reeds vroeër 'n ander werk oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis die lig laat sien: *De Kaapsche Landverhuizers of Neerlands Afstammelingen in Zuid-Afrika* (Hazenberg, Leyden, 1847)

18 Lauts, *Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop*, p 11 Die bewering wat hy weerlê is nie heeltemal onjuis nie Khoikhoi wat hulle vee verloor het, het dikwels op 'n jagter- en versamelaarsbestaan teruggeval Die San, as jagters en versamelaarsgroepe, was egter in die gebied van die latere Kaapkolonie aanwesig voor die koms van die Nederlanders Vergelyk die opmerkings van Ross, soos weergegee in 'n volgende afdeling

19 Lauts, *Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop*, p 29

20 Lauts, *Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop*, p 33

silwer gevind het nie en ook geen "*beschaving, of eenigermate gevorderde ontwikkeling*" onder die inboorlinge nie.[21] Die verhouding tussen die amptenare, vryburgers en Khoikhoi in die stigtingsjare word nie verder bespreek nie. Hoewel Lauts se werk nie ooglopende onjuisthede bevat soos die relaas van Van Kampen nie, bied hy tog ŉ baie onvolledige beeld van die vestigingsperiode van die Kaapkolonie.

F. Lion Cachet, ŉ teoloog wat meer as twintig jaar in Suid-Afrika deurgebring het, se werk *De Worstelstrijd der Transvalers* het groot bekendheid in Nederland verwerf.[22] Hierdie geskrif was veral bedoel om simpatie met die Boere se stryd teen Groot-Brittanje op te wek en handel hoofsaaklik oor die geskiedenis van die Voortrekkers en die Boererepublieke. Daar is net ŉ kort inleiding oor die stigting van die Kaapkolonie, waarin Lion Cachet onder meer skryf dat die VOC in 1672 die gebied wat die Kaapkolonie toe beslaan het, van die Khoikhoi gekoop het; "*van gewelddadige annexatie was geen sprake*".[23] Hy beskou die koms van die Hugenote na die Kaapkolonie as van baie groot belang; dit is hoofsaaklik uit die vermenging van Nederlandse en Franse koloniste, met die toevoeging van Duitse bloed, dat die Boere of Afrikaners as volk ontstaan het.[24]

In twee uitgebreide studies oor die Nederlandse Goue Eeu, dit wil sê die sewentiende eeu, word kortliks melding gemaak van die stigting van die Kaapkolonie. Busken Huet, wie se werk klassieke status verwerf het,[25] wy enkele paragrawe aan die stigtingsgeskiedenis van die Kaapkolonie, veral met die doel om aan te toon dat die suksesvolle vestiging van die kolonie te danke was aan mense wat daarin geslaag het om ŉ taak uit te voer waarvoor hulle nie in die besonder toegerus was nie.[26] In die omvattende werk van Muller is daar ŉ afdeling van ongeveer ŉ bladsy wat handel oor die stigting van die Kaapkolonie.[27] Muller betreur dit dat die VOC nie die enigste geleentheid benut het wat daar nog was, nadat Brasilië en Nieu-Nederland (die huidige New York) vir die Nederlanders verlore gegaan het, om ŉ groot Nederlandse vestigingskolonie in Suider-Afrika tot stand te bring nie en nie Van der Stel se pogings om die kolonie uit te brei, sterker ondersteun het nie. Dit het immers later geblyk dat daar in "*het kostelijke land*" onuitputlike hulpbronne was en dat dit maklik in besit geneem en behou sou kon word.[28] Sy opmerkings is moontlik beïnvloed deur ŉ uitlating van die bekende Nederlandse historikus, Robert Fruin, wat in ŉ toespraak van 1882 oor "*de Transvaal-quaestie*" die verlies van Nieu-Nederland betreur het. Fruin het toe verklaar dat daar nog ŉ moontlikheid vir die ontwikkeling van ŉ nuwe

21 Lauts, *Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop*, p 36

22 F Lion Cachet, *De Worstelstrijd der Transvalers aan het Volk van Nederland Verhaald* (Amsterdam, Höveker & Wormser, 1898, hersiene uitgawe) Die eerste uitgawe het in 1882 verskyn Vergelyk Van Ledden, *Jan van Riebeeck tussen Wal en Schip*, p 39

23 Lion Cachet, *De Worstelstrijd der Transvalers*, p 14 Vergelyk voetnoot 11 hierbo

24 Lion Cachet, *De Worstelstrijd derTransvalers*, p 22

25 C Busken Huet, *Het Land van Rembrand; Studiën over de Noordnederlandsche Beschaving in de Zeventiende Eeuw* (Haarlem, Tjeenk Willink, 1886, tweede uitgawe, herdruk 1946)

26 Busken Huet, *Het Land van Rembrand*, pp 373-374 Hy skryf verkeerdelik dat Van der Stel aan die Kaapkolonie "*den omvang gegeven heeft dien zij nog heden bezit*" en dat hy Natal en Delagoabaai tot die kolonie toegevoeg het

27 P L Muller, *Onze Gouden Eeuw; de Republiek der Vereenigde Nederlanden in haar Bloeitijd* III (Sijthoff, Leiden, s j , waarskynlik 1898), pp 183-184

28 Muller, *Onze Gouden Eeuw* III, p 184

Nederland in Suid-Afrika bestaan, want daar "*zijn nog altijd de mannen van Nederlandsch bloed twee tegen één van Engelschen landsaard*".[29]

In die werke van Van Kampen, Lauts en Lion-Cachet word hoofsaaklik ŉ feitelike oorsig van die stigting en vroeë ontwikkeling van die Kaapkolonie gebied. Daarin word heelwat aandag gegee aan die verhouding met die inheemse bewoners van die Kaap. Die skrywers aanvaar dat die blanke kolonisasie ŉ negatiewe invloed op hulle gehad het, hoewel nie verwys word na die akkulturasieproses wat hulle vanaf 1652 ondergaan het nie. Die Nederlanders se optrede teenoor hulle word oor die algemeen geregverdig. In ander werke word net enkele opmerkings oor die stigting van die Kaapkolonie gemaak en aangedui dat die Kaap die enigste werklike volksplanting was wat deur die VOC tot stand gebring is.[30]

**Die periode 1900-1980**

Die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 het die belangstelling in die geskiedenis van Suid-Afrika en van die Boere verhoog. Aan die begin van die twintigste eeu het daar verskeie werke oor die Boererepublieke verskyn, waarby die stigting van die Kaapkolonie net ter inleiding kortliks behandel word.[31] E.C. Godée Molsbergen se studie oor Jan van Riebeeck wat in 1912 gepubliseer is, is, ná die geskrif van Lauts, die eerste Nederlandstalige werk waarin de stigtingsperiode van die Kaapkolonie op grond van argiefnavorsing behandel word.[32] Godée Molsbergen was van 1904 tot 1910 as hoogleraar in Geskiedenis in Suid-Afrika werksaam en het daarna nog jare lank in Nederland en Nederlands-Oos-Indië poste as dosent en argivaris beklee.[33] Sy boek oor Van Riebeeck is tans nog een van slegs twee biografieë oor hom wat gegrond is op deeglike argiefstudie en steeds ŉ geskiedwerk wat met vrug geraadpleeg kan word.[34] Godée Molsbergen bespreek Van Riebeeck se verhouding met die Khoikhoi nie baie uitgebreid nie en beoordeel hulle leefwyse en optrede nie baie positief nie.[35] Hy skryf wel dat die Khoikhoi nie daarvan gehou dat die fort en boerewonings gebou is op weivelde wat hulle gewoond was om te gebruik nie.[36] Godée Molsbergen meen dat Van Riebeeck goed daarin geslaag het om te sorg dat daar meesal vrede tussen die stamme geheers het ter wille van die Kompanjie se strewe om vee met hulle te ruil.[37] Hy gee ook aandag aan die invoer van slawe en

---

29 R Fruin, *Verspreide Geschriften* X (Nijhoff, 's-Gravenhage, 1905), p 417 Muller was een van die redakteurs van hierdie versameling van Fruin se geskrifte

30 Dit kom ook voor in J J Meinsma, *Geschiedenis van de Nederlandsche Oost-Indische Bezittingen* (IJkema, Delft, 1872-1875), p 81

31 Onder hierdie werke tel: C J van der Loo, *Om Leven en Vrijheid! Geschiedenis der Oud-Hollandsche Republieken in Zuid-Afrika* (Cohen, Arnhem, 1901); N Mansvelt, *De Betrekkingen tusschen Nederland en Zuid-Afrika sedert de Verovering van de Kaapkolonie door de Engelschen* (Breijer, Utrecht, 1902); W J Leyds, *De Eerste Annexatie van de Transvaal* (De Lange, Amsterdam, 1906)

32 E C Godée Molsbergen, *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika, Jan van Riebeeck, 1618-1677* (Van Looy, Amsterdam, 1912)

33 A J Böeseken, "Lewe en Werk van E C Godée Molsbergen", *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 8, Nov 1976, pp 119-131

34 Die ander biografie is A J Böeseken, *Jan van Riebeeck en sy Gesin* (Tafelberg, Kaapstad, 1974) Böeseken het tot meer dokumente toegang gehad as Godée Molsbergen, maar haar boek het, soos die titel aandui, ŉ enger fokus

35 Godée Molsbergen, *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika*, pp 96-101, 141-142, 178

36 Godée Molsbergen, *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika*, p 98

37 Godée Molsbergen, *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika*, p 178

merk op dat slawerny "*de gemakzucht der blanken*" in Suid-Afrika bevorder het; Van Riebeeck kon dit egter nie voorsien nie en dit sou onbillik wees om hom hiervoor te blameer.[38] Soos uit die titel van sy boek blyk, sien Godée Molsbergen Van Riebeeck se werk aan die Kaap as van groot historiese betekenis; hy was die stigter van "*Hollands Zuid-Afrika*".

W.C. Mees, 'n regsgeleerde, se biografie van Van Riebeeck se vrou, Maria Quevellerius, soos hy haar noem, het verskyn in 1952, die jaar toe die stigting van die Kaapkolonie driehonderd jaar tevore in Suid-Afrika en in Nederland herdenk is.[39] Sy werk toon heelwat invloed van die studie van Godée-Molsbergen, maar hy verskaf tog meer gegewens oor die verhouding met die Khoikhoi en gee 'n meer gebalanseerde beeld van die Khoikhoi se leefwyse en kultuur. Mees skryf dat die Nederlanders die Khoikhoi se grond in besit geneem het, maar meen dat die Khoikhoi in hulle teenstand teen hierdie optrede, vergeet het dat hulle self vroeër "*de Bosjesmannen verdreven hadden*".[40] Soos Godée Molsbergen prys hy Van Riebeeck se beleid om so min as moontlik geweld teenoor die inboorlinge te gebruik. Hy is van mening dat die Nederlanders aan die Kaap in die algemeen 'n gematigde en menslike beleid teenoor die inboorlinge gevolg het.[41] Van Riebeeck se besluit om vrye boere aan die Kaap te vestig, het dit moontlik gemaak dat in die daaropvolgende jare 'n steeds groter deel van die land gekoloniseer en Suid-Afrika vir die beskawing ontsluit is.[42]

In die vroeë twintigste eeu is daar enkele uitgebreide studies geskryf oor die Nederlandse koloniale geskiedenis en veral die geskiedenis van Nederlands-Indië, wat nog tot in 1949 onder Nederlandse gesag gestaan het. Hierin word oor die algemeen maar weinig oor die Kaapkolonie vermeld. Colenbrander handel in die eerste band van sy *Koloniale Geschiedenis* baie oorsigtelik oor die stigting van die Kaapkolonie as deel van 'n hoofstuk oor Suid-Afrika voor die Groot Trek.[43] Hy vergelyk die stigting van 'n Europese kolonie in Suid-Afrika kortliks met die vestiginge in die Verenigde State, Kanada en Australië, en wys daarop dat, soos in Kanada, die kolonisasie van Suid-Afrika daartoe gelei het dat daar twee groepe van Europese oorsprong naas mekaar bly voortbestaan het.[44] In 'n nog omvangryker werk, wat onder leiding van F.W. Stapel uitgevoer is,[45] word net enkele bladsye aan die vroeë geskiedenis van die Kaapkolonie gewy. Stapel, wat hierdie gedeelte self geskryf het, wy net 'n paragraaf aan die stigting van die verversingspos maar handel in meer besonderhede oor die werk van Simon van der Stel.[46] Hy merk op dat die Kaap die enigste kolonie van die VOC was waar "*kolonisten uit het vaderland*" hulle blywend gevestig het.[47] Coolhaas en Schutte kritiseer Stapel onder meer daaroor dat hy weinig

38 Godée Molsbergen, *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika*, p 106
39 W C Mees, *Maria Quevellerius; Huisvrouw van Jan van Riebeeck, en Haar Omgeving* (Van Gorcum, Assen, 1952)
40 Mees, *Maria Quevellerius*, pp 59-60
41 Mees, *Maria Quevellerius*, p 62
42 Mees, *Maria Quevellerius*, p 70
43 H T Colenbrander, *Koloniale Geschiedenis* I (Nijhoff, 's-Gravenhage, 1925), pp 156-160
44 Colenbrander, *Koloniale Geschiedenis* I, p 156
45 F W Stapel (red ), *Geschiedenis van Nederlandsch Indië* (Vondel, Amsterdam, 1938-1940), 5 bande
46 F W Stapel, *Geschiedenis van Nederlandsch Indië* III (Vondel, Amsterdam, 1939), pp 300, 447-449
47 Stapel, *Geschiedenis van Nederlandsch Indië* III, p 300

aandag gee aan die lot van die inheemse Indonesiërs onder koloniale bewind;[48] ook in die kort dele oor die Kaapkolonie word maar terloops na die inboorlinge verwys.[49]

Twee kort oorsigte oor die vroeë geskiedenis van die Kaapkolonie, wat deel vorm van geskiedwetenskaplike reekse of bundels, is gelewer deur P.J. van Winter, ŉ kenner van die Suid-Afrikaanse geskiedenis.[50] Die eerste een is geskryf as teks by ŉ aantal historiese kaarte van Suid-Afrika. In hierdie geskrif gee hy onder meer heelwat agtergrondsinligting oor die inheemse stamme van Suid-Afrika.[51] In die tweede publikasie word die beginjare van die kolonie oorsigtelik behandel, met min aandag aan die verhouding tussen die koloniste en die inboorlinge. Van Winter beklemtoon dit eweneens dat nêrens anders ter wêreld ŉ volksplanting met ŉ sterk Nederlandse inslag ontstaan het nie.[52] Albei werke is, soos die kort gedeeltes oor die stigting van die Kaapkolonie deur Colenbrander en Stapel, hoofsaaklik op gepubliseerde bronne gegrond. Werke van Suid-Afrikaanse skrywers soos G.M. Theal, G.W. Stow, H.B. Thom, P.J. van der Merwe en A.J. Böeseken is onder meer benut.

Die baie omvangryke *Algemene Geschiedenis der Nederlanden,*[53] waaraan ŉ groot aantal historici meegewerk het, bevat slegs een hoofstuk oor "*overzeese geschiedenis*" in die periode 1648 tot 1795. Dit is geskryf deur W.P. Coolhaas, outeur van verskeie studies op die terrein van die koloniale geskiedenis, en daarin word die stigtingsjare van die Kaapkolonie in minder as vier bladsye behandel. Coolhaas gee veral aandag aan die ontwikkeling van boerdery aan die Kaap en verwys glad nie na die kulturele omstandighede in die beginjare van die kolonie nie. Oor die Khoikhoi is daar net enkele sinne. Hy dui aan dat die konflikte met die setlaars en pokke-epidemies ŉ negatiewe uitwerking op hulle gehad het en dat hulle met die verloop van tyd veewagters van blanke boere geword het.[54]

Die meeste twintigste-eeuse oorsigte oor die Nederlandse geskiedenis bevat min of geen verwysings na die stigting van die Kaapkolonie nie.[55] P.J. Blok, ŉ

48 Coolhaas & Schutte, *A Critical Survey of Studies on Dutch Colonial History*, p 22; vergelyk ook G J Schutte, "De Koloniale Geschiedschrijving", *in* W W Mijnhardt (red ), *Kantelend Geschiedbeeld; Nederlandse Historiografie sinds 1945* (Het Spectrum, Utrecht, 1983), p 291

49 Stapel is ook die alleenouteur van ŉ meer beknopte geskiedenis van Nederlands-Indië, waarin die paragrawe oor die stigting van die Kaapkolonie wat in die versamelwerk voorkom, grotendeels herhaal word: F W Stapel, *Geschiedenis van Nederlandsch-Indië* (Meulenhoff, Amsterdam, 1943, hersiene uitgawe)

50 Van Winter is die outeur van *Onder Krugers Hollanders; Geschiedenis van de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij* (De Bussy, Amsterdam, 1937-1938), 2 bande

51 P J van Winter, *Zuid-Afrika onder Nederlandsch Bewind* (Nijhoff, 's-Gravenhage, 1936)

52 P J van Winter, "Zuid-Afrika in den Hollandschen Tijd", *in* H J de Graaff (red ), *Nederlanders over de Zeeën; 350 Jaar Geschiedenis van Nederland Buitengaats* (De Haan, Utrecht, 1955, hersiene uitgawe), pp 227-251

53 J A van Houtte en andere (reds ), *Algemene Geschiedenis der Nederlanden* (De Haan, Utrecht, 1949-1958), 12 bande

54 W P Coolhaas, "Overzeese Geschiedenis, 1648-1795", *in* J A van Houtte en andere (reds ), *Algemene Geschiedenis der Nederlanden* VIII (De Haan, Utrecht, 1955), p 377

55 Oorsigwerke van bekende historici wat in die periode voor 1970 verskyn het en waarin die stigting van die Kaapkolonie nouliks of glad nie vermeld word nie, sluit die volgende in: H Brugmans (red ), *Geschiedenis van Nederland* (Vondel, Amsterdam, 1935-1938), 8 bande; J Huizinga, *Nederland's Beschaving in de Zeventiende Eeuw* (Tjeenk Willink, Haarlem, 1941); I H Gosses en N Japikse, *Handboek tot de Staatkundige Geschiedenis van Nederland* (Nijhoff, 's-Gravenhage, 1947, hersiene uitgawe); H A E van Gelder, *Cultuurgeschiedenis van Nederland in Vogelvlucht* (Aula, Utrecht, 1965); L J Rogier, *Eenheid en Scheiding; Geschiedenis der Nederlanden, 1477-1813* (Het Spectrum, Utrecht, 1968, hersiene uitgawe)

belangrike historikus van die vroeg twintigste-eeuse periode, fokus in sy uitgebreide *Geschiedenis van het Nederlandsche Volk*[56] op die geskiedenis van Nederland en wy nie eers ŉ aparte hoofstuk aan koloniale uitbreiding en die werksaamhede van die VOC nie. Daar word wel in enkele hoofstukke kortliks na die Kaapkolonie verwys. Hy prys onder meer die vestigingswerk van "*den voortreffelijken commandeur Simon van der Stel*" wat hy as die tweede stigter van die Kaapkolonie bestempel.[57]

Pieter Geyl, wat feitlik algemeen as een van Nederland se vernaamste twintigste-eeuse historici beskou word, wou in sy *Geschiedenis van de Nederlandse Stam* (wat vir die eerste keer in 1930 verskyn het, maar waarvan ŉ latere hersiene uitgawe in 1961 die lig gesien het) die geskiedenis beskryf van al die "*volken en volksgroepen van wie het Nederlands de moedertaal is*.[58] Van die verskeie Nederlandse kolonisasiepogings was dié in Suid-Afrika ten minste gedeeltelik geslaagd, al het daar in baie opsigte ŉ "*vervreemding van de moederlandsche cultuur*" ingetree.[59] In die uitgebreide werk van sowat 1 800 bladsye, wat net oor die tydperk voor 1798 handel, beklee die stigting en vroeë geskiedenis van die Kaapkolonie ŉ baie beskeie plek, maar hy gee tog meer aandag daaraan as die meeste ander outeurs van oorsigte oor die Nederlandse geskiedenis. In ŉ afdeling van drie bladsye oor die stigtingswerk van Van Riebeeck, verskaf hy maar min inligting oor die verhoudinge met die Khoikhoi, maar skryf wel dat die Khoikhoi "*met een kwaad oog*" moes toesien hoe die steeds groeiende verversingspos gevestig is op grond wat hulle as deel van hulle weiveld beskou het.[60] Volgens Geyl was die VOC-bewindhebbers aanvanklik ontevrede omdat Van Riebeeck na hulle mening die verversingspos te ver uitgebrei het, maar nadat Engeland in 1664 Nieu-Nederland en ander Nederlandse kolonies verower het, het die Kaap vir hulle belangriker geword. Hy skryf dat daar in die bewindsjare van Simon van der Stel ŉ "*werkelijke maatschappij… aan het groeien (was)… en een die veel van de beste vaderlandse tradities in ere hield, met zin voor recht en vrijheid, vol zorg voor school en kerk*".[61] Hy behandel nie die akkulturasie van die Khoikhoi en die slawe nie en verwys in sy inleidende opmerkings oor die Nederlandse "stam" nie na die Afrikaanssprekende bruinmense nie. Dit wil dus voorkom of hy hulle nie as deel van die Nederlandse "stam" beskou het nie.[62] Geyl se werk het ŉ belangrike rol gespeel om ŉ einde te maak aan die algemene opvatting van negentiende-eeuse historici waarin die skeiding tussen die noordelike en die suidelike

56 P J Blok, *Geschiedenis van het Nederlandsche Volk* (Sijthoff, Leiden, 1912-1915, hersiene uitgawe), 4 bande

57 Blok, *Geschiedenis van het Nederlandsche Volk* III, p 292

58 P Geyl, *Geschiedenis van de Nederlandse Stam* I (Wereldbibliotheek, Amsterdam, 1961, hersiene uitgawe), p 9

59 Geyl, *Geschiedenis van de Nederlandse Stam* I, p 9

60 P Geyl, *Geschiedenis van de Nederlandse Stam* III (Wereldbibliotheek, Amsterdam, 1961), p 682

61 P Geyl, *Geschiedenis van de Nederlandse Stam* IV (Wereldbibliotheek, Amsterdam, 1961), p 931

62 P van Hees en A W Willemsen haal in hulle voorwoord tot P van Hees en A W Willemsen (reds ), *Geyl in Zuid-Afrika; Verslag van de Lezingtournee langs Universiteiten in Zuid-Afrika, Juli-December 1937* (Suid-Afrikaanse Instituut, Amsterdam, 2000), p ix, ŉ koerantberig van 1937 aan, waarvolgens Geyl verklaar het dat as die Afrikaners nie vriendskaplike verhoudinge met die bruinmense aankweek nie, hulle hierdie "*600 000 Afrikaans sprekende mensen*" nooit vir hulle kultuur sal kan wen nie In sy verslag (p 18) spreek Geyl ook sy kommer uit dat die bruinmense dalk gaandeweg sal verengels Hy laat hom egter nie daaroor uit of hulle as lede van die Nederlandse stam beskou behoort te word of nie

Nederlande vanaf die sestiende eeu as feitlik ŉ deterministiese proses gesien is.[63] Dit het meegebring dat die historiese verhouding tussen die Nederlanders en die Vlaminge in ŉ nuwe perspektief beskou is. Geyl se Groot-Nederlandse gedagte het dan ook aangesluit by bewegings wat hulle beywer het vir nouer kulturele bande tussen Nederlanders en Vlaminge en soms ook tussen Nederlanders, Vlaminge en Afrikaners.[64] In die jare na die Tweede Wêreldoorlog het die idee van die Nederlandse stam in wetenskaplike kringe in diskrediet geraak en moes Geyl hom verdedig teen beskuldigings dat sy beskouing ooreenkomste met die nasionaal-sosialistiese bloed- en bodemgedagte toon.[65]

Jan Romein, wat meesal ook gereken word as een van Nederland se grootste historici van die vorige eeu,[66] het saam met sy vrou, Annie Romein, ŉ oorsig oor die Nederlandse geskiedenis geskryf, wat vir die eerste keer in 1934 verskyn het, maar verskeie kere, tot in 1973, hersien en herdruk is.[67] In die slothoofstuk, met die titel "*Nederlanders Buitengaats*", word kortliks oor die stigting en uitbreiding van die Kaapse verversingspos gehandel. Die Romeins is veral geïnteresseerd in die eienskappe van die vroeë Nederlandse immigrante aan die Kaap en hulle afstammelinge, naamlik die Boere of Afrikaners.[68] Die uitwerking wat die Nederlandse kolonisasie op die Khoikhoi gehad het, word nie behandel nie.

Daar is in die periode 1900-1980 dus maar min argiefnavorsing deur Nederlandse historici gedoen wat direk verband met die stigting van die Kaapkolonie hou. In sintesewerke oor die koloniale geskiedenis word hoofsaaklik van ander wetenskaplike publikasies, veral van Suid-Afrikaanse oorsprong, gebruik gemaak. Hoewel daar in die meeste werke wel na die verhoudinge tussen die koloniste en die Khoikhoi verwys word, is die fokus hoofsaaklik op die totstandkoming van ŉ blanke gemeenskap aan die Kaap. Die klem val ook meer op ŉ weergawe van gebeure eerder as op ŉ ondersoek na die kenmerke van die koloniale samelewing en die ekonomiese, sosiale en kulturele verhoudinge tussen die verskillende groepe in die stigtingsjare van die Kaapkolonie.

## Die periode na 1980

Nadat Nederlands-Indië in 1949 onafhanklik geword het, was daar vir etlike dekades min belangstelling vir koloniale geskiedenis onder Nederlandse historici.[69] Veral vanaf 1980 is daar egter heelwat navorsing oor die geskiedenis van die VOC en die

---

63 P van Hees, "Bij de Honderdste Geboortedag van Pieter Geyl (1887-1966)", *Spiegel Historiael*, 22, 2, Desember 1987, pp 522-534 Vergelyk: P B M Blaas, "Nederlandse Geschiedschrijving na 1945", *in* Mijnhardt (red ), *Kantelend Geschiedbeeld*, p 11

64 P de Klerk, "Afrikaners en Nederlanders: Stamverwante?", *Koers*, 63, 4, Desember 1998, p 297

65 De Klerk, "Afrikaners en Nederlanders: Stamverwante?", p 298

66 In die versamelbundel van A H Huussen, E H Kossmann en H Renner (reds ), *Historici van de Twintigste Eeuw* (Het Spectrum, Utrecht, 1981), is byvoorbeeld opstelle oor Geyl, Romein en drie ander Nederlandse historici van die vorige eeu opgeneem

67 J Romein en A Romein, *De Lage Landen bij de Zee; een Geschiedenis van het Nederlandse Volk* (Querido, Amsterdam, 1973, hersiene uitgawe)

68 Romein & Romein, *De Lage Landen bij de Zee*, pp 690-696

69 Vergelyk Blaas, "Nederlandse Geschiedschrijving na 1945", pp 37-38; Schutte, "Koloniale Geschiedschrijving", p 293; J van Goor, *De Nederlandse Koloniën; Geschiedenis van de Nederlandse Expansie, 1600-1975* (Sdu, Den Haag, 1994), p 5

Kaapkolonie as een van hierdie kolonies gedoen.[70] Ook het daar verskeie uitgebreide oorsigwerke oor die geskiedenis van Nederland en sy kolonies verskyn.

Die versamelwerk *Overzee Nederlandse Koloniale Geschiedenis 1590-1975*, bestaan uit 'n aantal hoofstukke wat reeds tevore in 'n hersiene uitgawe van die *Algemene Geschiedenis der Nederlanden* gepubliseer is.[71] In die voorwoord tot die bundel word aangedui dat daar nie gepoog is om die opstelle in 'n samehangende geheel te integreer nie, maar word tog enkele algemene opmerkings oor die Nederlandse kolonies gemaak. Net in Nieu-Nederland en in Suid-Afrika het Nederlandse kolonies ontstaan waar Europeërs, waarvan net 'n gedeelte Nederlanders was, die meerderheid van die bevolking gevorm het en wat dus vestigingskolonies genoem kan word. In albei kolonies het 'n ekonomie ontwikkel wat in 'n belangrike mate op selfversorging ingestel was.[72] Die boek bevat 'n kort hoofstuk oor die VOC in Suid-Afrika deur die Brits-gebore Robert Ross, wat toe reeds en tans nog aan die Universiteit van Leiden verbonde is en dus ook as 'n Nederlandse historikus gereken behoort te word.[73] Sy opstel is op 'n aantal gesaghebbende studies oor die vroeë geskiedenis van die Kaapkolonie gebaseer. Hy wys ook daarop dat die Kaapkolonie die enigste gebied ter wêreld was waar 'n groot Nederlandssprekende bevolking gevestig is. Hy meen dat die gebruik van die term "volksplanting" vir die stigting van die kolonie misleidend is, omdat dit die indruk wek dat daar nie reeds 'n inheemse bevolking aanwesig was nie.[74] Ross gee heelwat aandag aan die vroeë verhoudinge tussen die koloniste en die Khoikhoi en dui, veral op grond van die studie van Elphick,[75] aan dat kontak met die blankes 'n groot rol gespeel het in die verbrokkeling van die Khoikhoisamelewing. As gevolg van die ruilhandel met die VOC-nedersetting, strooptogte deur koloniste en veesiektes, het baie Khoikhoi hulle vee verloor en moes terugval op 'n jagters- en versamelaarsbestaan. Van hierdie groepe het oorlog gemaak met Khoikhoistamme wat nog vee besit het. Die politieke strukture van die Khoikhoi het in duie gestort en baie Khoikhoi het as arbeiders en veewagters by die koloniste in diens getree.[76] Ross bespreek ook kortliks die vinnige

---

70 Die oplewing in die belangstelling in koloniale geskiedenis blyk onder meer uit die publikasie van die tydskrif *Itinerario,* vanaf 1977, deur die Werkgroep voor de Geschiedenis van de Europese Expansie aan die Universiteit van Leiden en die TANAP-projek wat in 1997 begin is deur die Nationaal Archief van Nederland in samewerking met die Universiteit van Leiden met die doel om die VOC-argiewe (ook dié in Kaapstad) vir navorsing te ontsluit; www tanap net, soos op 1 September 2008

71 E van den Boogaart en andere, *Overzee; Nederlandse Koloniale Geschiedenis, 1590-1975* (Fibula Van Dishoeck, Haarlem, 1982) Die hersiene uitgawe van *Algemene Geschiedenis der Nederlanden* (Fibula Van Dishoeck, Haarlem), wat 15 bande beslaan, het in 1981 verskyn

72 E van den Boogaart en M A P Meilink-Roelofsz, "Woord Vooraf", *in* Van den Boogaart en andere, *Overzee; Nederlandse Koloniale Geschiedenis*, p 12

73 Ross is ook die outeur van enkele ander geskrifte wat betrekking het op die ontstaangeskiedenis van die Kaapkolonie, naamlik "The Cape of Good Hope and the World Economy, 1652-1835", *in* R Elphick and H Giliomee (eds), *The Shaping of South African Society, 1652-1840* (Maskew Miller Longman, Cape Town, 1989, revised edition), pp 243-280; en *A Concise History of South Africa* (University Press, Cambridge, 1999), wat in Nederlands verskyn het as *Zuid-Afrika; een Geschiedenis* (Arbeiderspers, Amsterdam, 1999) In hierdie publikasies word hoofsaaklik dieselfde interpretasie van die stigtingsgeskiedenis van die Kaapkolonie gegee as in die teks wat hier bespreek word

74 R J Ross, "De VOC in Zuid-Afrika 1652-1795", *in* Van den Boogaart en andere, *Overzee; Nederlandse Koloniale Geschiedenis*, p 104

75 Elphick, *Khoikhoi and the Founding of White South Africa* (die eerste uitgawe het verskyn in 1977 )

76 Ross, "De VOC in Zuid-Afrika 1652-1795", p 106

groei van die setlaarsbevolking in die vroeë jare, wat die gevolg was van immigrasie, maar ook daarvan dat die koloniste groot gesinne gehad het en die sterftesyfer betreklik laag was; die snelle uitbreiding van die Kaapkolonie het dit moontlik gemaak dat daar steeds genoeg voedsel en ander bestaansmiddele beskikbaar was vir die groeiende bevolking.[77] Hy wys daarop dat die vroeë Kaapse samelewing ŉ veeltalige karakter gehad het en bespreek die faktore wat gelei het tot die ontstaan van Afrikaans, egter sonder om aan te dui dat die Nederlandse taal en kultuur die Khoikhoi en die slawe ingrypend beïnvloed het.[78] Hy sluit wel die hoofstuk af met die opmerking dat die erfenis van die Nederlandse tydperk in Suid-Afrika ŉ taal, ŉ regstelsel en ŉ besondere koloniale samelewingstruktuur ingesluit het.[79]

Die enkele bladsye wat J. van Goor in sy oorsig oor die Nederlandse koloniale geskiedenis aan die Kaapkolonie wy,[80] toon die invloed van Elphick en Ross, veral wat betref sy bespreking van die verbrokkeling van die Khoikhoi se stamstelsel. Hy gee nie aandag aan die kulturele verhoudinge tussen die koloniste en die Khoikhoi nie en in ŉ slothoofstuk bespreek hy die invloed wat die Nederlandse kultuur in Indonesië, Suriname en die Antille gehad het,[81] maar skryf nie oor die Nederlandse kultuurinvloed op Suid-Afrika nie.

Die proefskrif van A. Biewenga is waarskynlik die vernaamste bydrae wat in afgelope jare deur ŉ Nederlandse historikus oor die stigtingsperiode van die Kaapkolonie gelewer is.[82] Die werk het verskyn in ŉ reeks oor die kultuurgeskiedenis van die Nederlandse Republiek in die sewentiende eeu. Biewenga ondersoek die samelewingspatroon op die platteland van die Kaapkolonie, in besonder die distrikte Stellenbosch en Drakenstein, rondom die jaar 1700, veral met die doel om na te gaan in hoeverre dit ŉ Nederlandse kulturele stempel gedra het. Hiervoor bestudeer hy verskillende aspekte van die Kaapse samelewing, waaronder die regstelsel, arbeidsverhoudinge, die kerk, onderwys en sosiale gebruike, en vergelyk dit met die samelewingspatroon op Nederlandse dorpe en in Nederlandse kolonies van dieselfde periode.[83] Hy kom tot die slotsom dat daar, ten spyte van unieke omstandighede in die Kaapkolonie, tog baie groot ooreenkomste met die samelewing en kultuur in Nederland was. Terwyl in die versamelwerk van Elphick en Giliomee die veelrassige

---

77 Ross, "De VOC in Zuid-Afrika 1652-1795", p 105

78 Ross, "De VOC in Zuid-Afrika 1652-1795", p 110

79 Ross, "De VOC in Zuid-Afrika 1652-1795", p 112 Hy verskaf nie veel inligting oor die sosiale verhoudinge tussen die setlaars, die ontstamde Khoikhoi en die slawe aan die Kaap gedurende die sewentiende en agtiende eeu nie In die slotparagraaf skryf hy tog dat die koloniale sosiale struktuur van die Nederlandse tydperk onder die invloed van industrialisasie in die laat negentiende en vroeë twintigste eeu die deur oopgelaat het vir die apartheidstelsel Hierdie opmerking word nie verder verduidelik nie en daar kan moeilik hieruit afgelei word dat Ross van mening is dat reeds met die vestiging van die kolonie, grondslae vir die ontwikkeling van die stelsel van apartheid gelê is Ross was medeskrywer van D van Arkel, G C Quispel en R J Ross, '*De Wijngaard des Heeren?', een Onderzoek naar de Wortels van die Blanke Baasskap' in Zuid-Afrika* (Nijhof, Leiden, 1983) Daarin word tot die gevolgtrekking gekom dat die wortels van blanke baasskap veral in die vroeë negentiende eeu te vinde is en dat die baas-kneg verhouding in die sewentiende en agtiende eeu nog nie sinoniem was met die verhouding tussen mense van (hoofsaaklik) Europese afkoms en mense van (hoofsaaklik) nie-Europese afkoms nie

80 Van Goor, *De Nederlandse Koloniën*, pp 114-117

81 Van Goor, *De Nederlandse Koloniën*, pp 361-366

82 A Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop; een Nederlandse Vestigingskolonie, 1680-1730* (Prometheus, Amsterdam, 1999)

83 Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop*, p 17

en multikulturele karakter van die vroeë Kaapkolonie beklemtoon word,[84] toon Biewenga die dominerende posisie van die Nederlandse kultuur goed aan.[85] Dit was hoofsaaklik net aan die buitekant wat die vroeë Kaapse samelewing ŉ Nederlandse kulturele karakter gehad het. Immigrante uit Frankryk en Duitsland, maar veral die slawe en die Khoikhoi, het nog hulle oorspronklike kulture tot ŉ groot mate behou, maar is al sterker deur die Nederlandse kultuur beïnvloed.[86] Reeds vanaf die stigtingsjare was daar dus ŉ akkulturasieproses aan die gang wat uiteindelik sou uitloop op die feitlik volledige verwestering, maar gedeeltelik ook vernederlandsing van die Khoikhoi en die slawe.

Die werke van Schutte en Gaastra is veral van belang deurdat die vroeë geskiedenis van die Kaapkolonie daarin binne die ontwikkeling van die VOC-struktuur geplaas word.[87] Schutte toon aan dat, hoewel die Kaapkolonie in baie opsigte van die ander VOC-besittinge verskil het, die VOC ŉ eenvormige beleid teenoor die setlaars in sy kolonies gevolg het. Die VOC se merkantilistiese ekonomiese stelsel moes onvermydelik lei tot konflikte met die koloniste. Die VOC-beleid teenoor die Khoikhoi was in ooreenstemming met sy algemene beleid teenoor die inboorlinge. Die VOC wou sover moontlik handel dryf deur ooreenkomste aan te gaan met onafhanklike state en groepe, maar waar kolonisasie nodig was, is ŉ stelsel verkies waarby die bestaande politieke hoofde hulle gesag sover moontlik behou het; daar is aanvanklik gepoog om hierdie beleid teenoor die Khoikhoi te volg. Ook wat die verhouding met die inboorlinge betref, het die belange van die koloniste en die VOC van mekaar verskil en het dit op botsings uitgeloop. Gaastra behandel sake soos die plek van slawehandel en slawerny binne die kompanjiestelsel en verskaf kwantitatiewe inligting oor, onder meer, die inkomste en uitgawes van die maatskappy en die getal personeellede van die VOC in die verskillende kolonies. In hierdie verband word dikwels na die Kaapkolonie verwys. Hy beklemtoon dit dat hierdie kolonie met sy selfstandige boerebevolking in baie opsigte ŉ uitsonderings-posisie binne die VOC-stelsel beklee het.[88]

In die afgelope jare het daar enkele belangrike oorsigswerke oor die Nederlandse geskiedenis verskyn waarin kortliks na die stigting van die Kaapkolonie verwys word. Schöffer merk in sy oorsig onder meer op dat die Kaapkolonie langsaam uitgegroei het tot ŉ Europese kolonie "*die een blijvend stempel van*

---

84 Elphick & Giliomee (eds), *The Shaping of South African Society,* het hoofsaaklik ŉ sosiaal-ekonomiese fokus en gaan nie diep in op die invloed van die Nederlandse kultuur op die inwoners van die kolonie nie In die hoofstuk oor tussen-groepverhoudinge, naamlik R Elphick & R Shell, "Intergroup Relations: Khoikhoi, Slaves and Free Blacks, 1652-1795", *in* Elphick & Giliomee (eds), *The Shaping of South African Society,* pp 184-239, word geskryf dat kultuuruitwisseling tussen die verskillende groepe gelei het tot die totstandkoming van ŉ gemengde kultuur aan die Kaap met Khoikhoi-elemente, asook elemente afkomstig uit Europa en Suidoos-Asië Dit word egter nie aangetoon dat, hoewel die koloniste beslis deur die oorspronklike kulture van die Khoikhoi en die slawe beïnvloed is, hulle ŉ primêr Westerse kultuur behou het, terwyl die Khoikhoi en die slawe uiteindelik min van hulle oorspronklike kulture oorgehou het nie

85 Vergelyk P H Kapp, "Die VOC-tydperk as Navorsingsterrein vir Historici", *Historia*, 46, 2, November 2001, pp 385-386

86 Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop*, p 290

87 G J Schutte, "Company and Colonists at the Cape, 1652-1795", *in* Elphick & Giliomee (eds), *The Shaping of South African Society*, pp 283-323; F S Gaastra, *De Geschiedenis van de VOC* (Walburg, Zutphen, 2002, hersiene uitgawe)

88 Gaastra, *De Geschiedenis van de VOC*, p 80

*culturele (o.a. de Nederlandse taal als voertaal) en religieuze (calvinistische) aard op de samenleving zou drukken*".[89] Wildschut wys in ŉ kort oorsig oor die bedrywighede van die VOC in die sewentiende eeu daarop dat die karakter van die kolonie aan die Kaap verskil het van dié van die ander VOC-kolonies, omdat hier ŉ Nederlandse boerebevolking gevestig is waarvan die gevolge tot vandag merkbaar is in die aanwesigheid van ŉ "*blank volksdeel*" wat ŉ taal praat wat uit Nederlands voortgekom het en wat ŉ ortodoks-Calvinistiese godsdiens aanhang.[90] Van Deursen gee veral aandag aan die direkte gevolge van die Nederlandse vestiging van die Kaap op die inheemse bevolking. Hy wys daarop dat dit die VOC se beleid was om vrede met die inheemse bewoners te bewaar, maar ŉ algemene probleem van oorsese handel in die sewentiende eeu, naamlik kultuurbotsing, het aan die Kaap, soos in ander gebiede, tot konflik gelei.[91] Die Khoikhoi het as ŉ nomadiese gemeenskap ŉ groot behoefte gehad aan weigrond en moes nou die beste dele daarvan aan die koloniste afstaan. Hoewel hulle ŉ paar keer gepoog het om die toestand met geweld te verander, was hulle militêr nie teen die koloniste opgewasse nie. Daar was vir hulle geen ander moontlikheid as om hulle by die nuwe magsverhoudinge neer te lê nie. Hulle moes as werkers by die Europese boere in diens tree. Die toekoms het behoort aan die Nederlandse immigrante, "*tot ook voor hen de tijd gekomen zou zijn*", merk hy op met die oog op ontwikkelinge wat eers enkele eeue later sou volg.[92] Anders as Schöffer en Wildschut, beklemtoon Van Deursen dus die implikasies van die kolonisasie vir die Khoikhoi eerder as dié vir die Nederlandse setlaars, maar, net so min as die vroeëre skrywers, gee hy aandag aan die invloed wat die Nederlandse kultuur op die Khoikhoi en hulle afstammelinge gehad het.

Daar het dus in die periode na 1980 verskeie belangrike bydraes oor die stigting en vroeë jare van die Kaapkolonie verskyn, waarin sowel die ontwikkeling van die koloniale gemeenskap as die invloed van die kolonisasie op die inheemse bevolking bekyk word, hoewel slegs Biewenga aandag gee aan die invloed van die Nederlandse kultuur op die Khoikhoi.[93] Hoewel heelwat nuwe navorsing gedoen is, is daar ook gebruik gemaak van en aangesluit by belangrike studies wat veral in Engels oor aspekte van hierdie onderwerp verskyn het. Soos in daardie studies kom naas die politieke aspekte ook die samelewingstruktuur en die ekonomiese, sosiale en kulturele verhoudinge aan die orde.

## Slotbeskouing

Nederlandse historici het ŉ belangrike bydrae gelewer tot die vroeë geskiedskrywing oor die stigting van die Kaapkolonie. Lauts het die eerste geheeloorsig oor die

89 I Schöffer, "De Republiek der Verenigde Nederlanden, 1609-1702", *in* I Schöffer, H van der Wee en J A Bornewasser (reds ), *De Lage Landen van 1500 tot 1780* (Agon, Amsterdam, 1991), p 206 Dit is ŉ hersiene uitgawe van J A Bornewasser en andere, *Winkler Prins Geschiedenis der Nederlanden* II (Elsevier, Amsterdam, 1977)

90 A Wildschut, *Kleine Geschiedenis van Nederland* VI (Waanders, Zwolle, 2007), p 107

91 A T van Deursen, *De Last van Veel Geluk; de Geschiedenis van Nederland, 1555-1702* (Bakker, Amsterdam, 2005), p 340 Hierdie boek is die vierde band in die reeks *De Geschiedenis van Nederland.*

92 Van Deursen, *De Last van Veel Geluk*, p 340

93 Dit is ŉ aspek waaroor nog heelwat meer navorsing gedoen kan word Vergelyk P de Klerk, "Die Akkulturasie van die Khoikhoi en die Slawe in die Kaapkolonie (1652-1910) – ŉ Historiografiese Ondersoek", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 21, 1, Junie 2007, pp 1-21

Kaapkolonie in die VOC-tyd geskryf wat op primêre bronne gebaseer is. Die negentiende-eeuse Suid-Afrikaanse skrywer Theal het in sy omvangryke werk oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis heelwat aandag gegee aan die stigtingsperiode van die Kaapkolonie,[94] maar Godée Molsbergen het die eerste wetenskaplike studie wat spesifiek oor Van Riebeeck en sy stigtingswerk handel, gelewer. Daarna was dit veral Suid-Afrikaanse historici wat studies wat met die stigting van die Kaapkolonie verband hou, onderneem het,[95] hoewel in resente jare ook verskeie buitelandse historici op hierdie terrein navorsing gedoen het. Nederlanders neem nie 'n baie prominente plek in onder die historici wat navorsing oor die Kaapkolonie onder Nederlandse bewind gedoen het nie, hoewel veral Schutte, Ross en Biewenga in die afgelope drie dekades substansiële bydraes gelewer het. Studies wat buite Nederland tot stand gekom het en wat hoofsaaklik in Afrikaans en Engels geskryf is, was steeds vir die Nederlandse skrywers toeganklik en is dan ook deeglik deur hulle benut. Die veranderinge wat daar in die Nederlandse skrywers se interpretasie van die stigting van die Kaapkolonie gevind kan word, reflekteer ook die veranderinge in interpretasie in die totale geskiedskrywing oor hierdie onderwerp.

Dit blyk dat daar in sintesewerke oor die Nederlandse geskiedenis en selfs in werke oor die Nederlandse kolonies maar min aandag gegee word aan die stigting van die Kaapkolonie.[96] Dit is te begrype as daar in gedagte gehou word dat die stigting van 'n kolonie deur Nederlanders ver weg van die moederland nie 'n essensiële deel van die geskiedenis van Nederland self vorm nie. Ook in boeke wat, volgens die titels, die Nederlandse volk of samelewing as onderwerp het, soos dié van Blok en die Romeins, figureer die stigting van die Kaapkolonie egter geensins prominent nie. Aangesien Geyl die Afrikaners as deel van die Nederlandse "stam" beskou, is dit nie vreemd nie dat hy, wat algemene oorsigte oor die Nederlandse geskiedenis betref, die volledigste behandeling van die stigting van die Kaapkolonie verskaf. Waar daar wel na die stigting van die Kaapkolonie verwys word, word dikwels beklemtoon dat dit hier gaan om die stigting van die enigste Nederlandse vestigingskolonie waar 'n samelewing en kultuur van Nederlandse oorsprong bly voortbestaan het. In geen van die oorsigte word daarop gewys dat die Nederlandse kultuur ook die Khoikhoi en die slawebevolking ingrypend beïnvloed het nie.

Nederlands-Indië was verreweg die belangrikste deel van die koloniale ryk en dit is feitlik vanselfsprekend dat werke oor die Nederlandse koloniale geskiedenis wat tot in 1949 verskyn het, veral op hierdie gebied fokus. Die Kaapkolonie word in hierdie publikasies oor die algemeen gesien as een van 'n aantal kolonies wat lank reeds vir Nederland verlore gegaan het. Ook in 'n oorsig oor die geskiedenis van die VOC soos dié van Gaastra, beklee die kolonies in Asië vanselfsprekend die sentrale plek; die Kaap was immers net 'n buitepos in hierdie netwerk van kolonies. In werke

94 G M Theal, *History of South Africa* (Allen & Unwin, Londen, 1918-1919, hersiene uitgawe), 11 bande 'n Vroeër weergawe van die werk het al in 1893 verskyn

95 Coolhaas & Schutte, *A Critical Survey of Studies on Dutch Colonial History*, pp 70-75, bevat 'n lys van studies oor die Kaapkolonie in die VOC-tyd, en hierdie werke is oorwegend van Suid-Afrikaanse oorsprong

96 Hierdie gevolgtrekking word gedeel deur resente skrywers soos Van Ledden en Verstegen Vergelyk Van Ledden, *Jan van Riebeeck tussen Wal en Schip*, p 41; M Verstegen, *De Indische Zeeherberg; de stichting van de Kaapkolonie door de VOC* (Europese Bibliotheek, Zaltbommel, 2001), p 9 Laasgenoemde publikasie is 'n populêr-wetenskaplike werk wat net op enkele wetenskaplike geskiedwerke gebaseer is Dit is, sover bekend, die enigste boek wat spesifiek die stigting van die Kaapkolonie as onderwerp het

wat verskyn het etlike jare nadat die koloniale ryk grotendeels verlore gegaan het, kan ŉ beter perspektief op die hele Nederlandse koloniale periode verkry word, en ŉ mens sou verwag dat daarin aangetoon word dat die stigting van die Kaapkolonie op die langduur belangriker vir die uitbreiding van die Nederlandse kultuur, as die kolonisasie van die gebiede in die Ooste was. Dit is egter nie die geval nie.

Die Britse geskiedskrywing oor hulle koloniale ryk toon baie ooreenkomste met die geskiedskrywing van die Nederlanders oor hulle koloniale verlede. In verskeie werke oor die geskiedenis van die Britse Ryk word net kortliks of glad nie geskryf oor die periode voor 1800 en die Amerikaanse kolonies wat in 1783 hulle onafhanklikheid van Brittanje verkry het nie. Die ontstaan van die Verenigde State as ŉ onafhanklike staat is deur baie vroeëre skrywers gesien as ŉ afwyking van die normale patroon waarin kolonies soos Kanada en Australië tot dominiums en selfstandige state binne die Britse Statebond ontwikkel het.[97] In ŉ aantal resente boeke, wat geskryf is nadat die Britse koloniale ryk grotendeels verlore gegaan het, word besin oor die invloed wat die Britse oorsese uitbreiding in sy geheel op die ontwikkeling van die wêreld gehad het en word onder meer aangedui dat dit gelei het tot die totstandkoming van ŉ groot Engelstalige kultuurgebied.[98] Moontlik sal ŉ soortgelyke perspektief in toekomstige werke oor die Nederlandse koloniale geskiedenis na vore kom.

Daar is verder geen duidelike toename of afname in belangstelling vir die ontstaan van die Kaapkolonie onder Nederlandse historici vanaf die vroeë negentiende eeu tot ongeveer 1980 te vinde nie. Dit wil daarom voorkom of daar nie ŉ verband bestaan tussen die aandag wat die stigting van die Kaapkolonie in die geskiedskrywing ontvang het en die ontstaan van die gevoelens van simpatie met die Afrikaners in die jare rondom die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902, wat later weer plek gemaak het vir gevoelens van afkeer van die Suid-Afrikaanse apartheidsbeleid nie.[99]

Dit is ook moeilik om ŉ duidelike verband tussen belangstelling in die stigting van die Kaapkolonie en besondere strominge en tendense in die Nederlandse historiografie te sien. Nasionalisme het ŉ belangrike rol gespeel in die Nederlandse geskiedskrywing, veral in die periode van ongeveer 1800 tot 1960. Terwyl Blok byvoorbeeld as verteenwoordiger van ŉ vroeëre, eng-Nederlandse nasionalisme beskou kan word, was die latere skrywers Geyl en Romein eerder verteenwoordigers van ŉ ruimer en meer genuanseerde nasionalisme,[100] wat onder meer na vore kom in

---

97 Vergelyk T O Lloyd, *The British Empire, 1558-1983* (Oxford University Press, Oxford, 1984), p ix

98 Vergelyk Lloyd, *The British Empire*, p 379; L James, *The Rise and Fall of the British Empire* (St Martin's Press, New York, 1994), pp xv-xvi

99 Vergelyk Schutte, *Nederland en de Afrikaners* Volgens H L Wesseling, "Dutch Historiography on European Expansion since 1945", *in* P C Emmer en H L Wesseling (reds ), *Reappraisals in Overseas History* (University Press, Leiden, 1979), p 136, het die belangstelling van Nederlandse historici in die geskiedenis van Suider-Afrika teen 1979 feitlik totaal verdwyn en hy suggereer dat dit die gevolg is van die apartheidsbeleid Soos uit die afdeling hierbo oor werke oor die Kaapkolonie blyk, is daar wat die stigting en beginjare van die Kaapkolonie betref reeds ná die werk van Godée Molsbergen in die vroeë twintigste eeu betreklik min navorsing in Nederland gedoen en het verskeie belangrike studies juis in die periode na 1980 verskyn

100 Vergelyk Blaas, "Nederlandse Geschiedschrijving na 1945", veral pp 10-12

Geyl se Groot-Nederlandse gedagte. Geyl het sy strewe om ŉ geskiedenis te skryf van almal wat tot die Nederlandse "stam" behoort, net gedeeltelik verwesenlik en sy werk is nie voortgesit nie, waarskynlik veral omdat in die jare na die Tweede Wêreldoorlog ook die ruimer Nederlandse nasionalisme, en die idee van die Nederlandse stam, in diskrediet geraak geraak het. Hoewel Geyl slegs taal en kultuur as kriteria wou gebruik om te bepaal wie aan die Nederlandse "stam" behoort, al dan nie, kan die stam-begrip moeilik van etniese en rassekonnotasies losgemaak word. Dit lyk egter of selfs die idee van ŉ algemene geskiedenis van die Nederlandse taal- en kultuurgebied, binne en buite Europa, in onguns geraak het.[101] Geen geskiedeniswerk wat hierdie veld probeer bestryk, het tot nog toe verskyn nie. Daar het wel heelwat werke verskyn waarin die geskiedenis van Nederland en België as een geheel behandel is, dus (behalwe vir die studie van Geyl) met insluiting van die Franstalige deel van België.[102]

Wat betref die beklemtoning van bepaalde aspekte van die stigting van die Kaapkolonie, word die vestiging van blanke koloniste en die betekenis daarvan vir die Nederlandse kultuur in vroeë én latere werke vermeld en ook aandag gegee aan die uitwerking van die kolonisasie op die Khoikhoi. Reeds vroeg in die negentiende eeu het ŉ skrywer soos Van Kampen begrip getoon vir die Khoikhoi se verset teen die Nederlanders omdat hulle van grond wat hulle as hulle weidingsgebied gesien het, ontneem is. In resente studies soos dié van Ross, Van Goor en Van Deursen, word die Khoikhoi egter wel meer in die sentrum van die stigtingsgeskiedenis van die Kaapkolonie geplaas as in die ouer geskrifte. Tog, met uitsondering van Biewenga, gee geen outeur aandag aan die invloed wat die Nederlandse taal en kultuur op die Khoikhoi en die slawe gehad het nie. Dat in ŉ onlangse werk soos dié van Wildschut nog uitsluitlik verwys word na die invloed van die Nederlandse taal en kultuur op die huidige blanke bewoners van Suid-Afrika, kan moontlik toegeskryf word aan ŉ gebrekkige begrip van die Suid-Afrikaanse geskiedenis by sommige skrywers van oorsigwerke. ŉ Ander faktor wat waarskynlik hier ŉ rol speel, is dat historici wat veral in politieke, sosiale en ekonomiese ontwikkelinge geïnteresseerd is, soms ŉ mindere waardering vir die kulturele aspekte van die geskiedenis het. Soos reeds gemeld, word daar, in ooreenstemming met die geskiedskrywing oor die vroeë Kaapkolonie deur nie-Nederlandse historici, in resente Nederlandse werke wegbeweeg van ŉ feitelike oorsig van gebeure na die ontleding van veral sosiale en ekonomiese (en in mindere mate ook kulturele) verhoudinge en ontwikkelinge. Onder historici in verskeie wêrelddele het daar in die afgelope dekades ŉ groter

101 Streng gesproke vorm Suid-Afrika en Namibië, wat hulle Afrikaanssprekende inwoners betref, nie meer deel van die Nederlandse taalgebied nie Hoewel Afrikaans hoofsaaklik uit Nederlands ontwikkel het, word dit tans algemeen as ŉ aparte taal beskou Nederlands is egter byna drie eeue lank as skryftaal in Suider-Afrika gebruik, terwyl Afrikaans vir baie jare as ŉ dialektiese vorm van Nederlands gesien is Nederlands was tot 1925 een van die twee amptelike tale van die Unie van Suid-Afrika Ook as die Nederlandse taalgebied eng omskryf word, het Suider-Afrika tot in die twintigste eeu deel daarvan gevorm

102 A Algra en H Algra, *Dispereert niet; Twintig Eeuwen Historie van de Nederlanden* (Franeker, Wever, 1964-1965), wat bestaan uit 5 bande, is ŉ populêr-wetenskaplike werk waarin heelwat aandag gegee word aan die geskiedenis van die Nederlandse kolonies en ook van Suid-Afrika, selfs na 1806 Daarin word egter nie oor die geskiedenis van Vlaandere gehandel nie

belangstelling vir kultuurgeskiedenis ontstaan,[103] en dit kan moontlik lei tot meer aandag vir die verspreiding van die Nederlandse kultuur oor die wêreld.[104]

Soos geskiedkundiges in ander lande, is Nederlandse historici steeds besig om hulle geskiedenis te bestudeer en te herinterpreteer en in die verdere ontwikkeling van die Nederlandse geskiedskrywing kan die betekenis van die stigting van die Kaapkolonie vir die Nederlandse kultuur moontlik sterker na vore kom.

## Opsomming

In hierdie artikel word ŉ aantal Nederlandse geskiedwerke bespreek. Dié geskrifte bestaan uit studies oor die vroeë geskiedenis van die Kaapkolonie en algemene oorsigte oor die geskiedenis van Nederland en sy kolonies. Dit blyk dat die meeste geheeloorsigte oor die Nederlandse geskiedenis slegs baie kortliks na die stigting van die Kaapkolonie verwys. Ook in werke oor die Nederlandse koloniale geskiedenis word meesal nie veel aandag aan hierdie gebeurtenis gegee nie. Gedurende die periode voor ongeveer 1920, het Nederlandse skrywers ŉ belangrike bydrae gelewer tot die publikasies wat oor die ontstaansgeskiedenis van die Kaapkolonie verskyn het, maar sedertdien het hulle ŉ minder prominente rol gespeel in navorsingswerk oor hierdie onderwerp. Verskeie historici beklemtoon dit dat, hoewel die Nederlanders in verskillende dele van die wêreld kolonies gevestig het, dit slegs in Suider-Afrika is wat daar tans etlike miljoene mense woon met ŉ taal en kultuur wat grotendeels van Nederlandse oorsprong is. Onder hierdie historici is daar net een wat aantoon dat die totstandkoming van ŉ Nederlandssprekende samelewing aan die Kaap die gevolg was van sowel emigrasie uit Europa, as die aanvaarding van baie aspekte van die Nederlandse kultuur deur die slawe en die inheemse Khoikhoibevolking.

## Abstract

### The Founding of the Cape Colony in Dutch Historical Writing

This article examines a number of texts by Dutch historians. These include studies on the early history of the Cape Colony and general reviews of the history of the Netherlands and their colonies. It appears that most overviews refer only briefly to the founding of the Cape Colony. Furthermore, many books on Dutch colonial history do not pay much attention to this event. During the period before about 1920, Dutch writers made an important contribution to the publication of texts on the early history of the Cape Colony, but they have played a less prominent role in research that has since been done on this subject. A number of historians emphasise the fact that, although the Dutch founded colonies in various parts of the world, it is only in

103 Vergelyk P Vries, "De Hoogtijdagen van de Geschiedenis als Sociale Wetenschap en de Terugkeer van het Verhaal", *in* H Beliën en G J van Setten, *Geschiedschrijving in de Twintigste Eeuw; Discussie zonder Eind* (Agon, Amsterdam, 1991), pp 223-240; W H Sewell, "Crooked Lines", *American Historical Review*, 113, 2, April 2008, pp 393-405

104 Groter belangstelling in die verspreiding van die Nederlandse kultuur kom reeds na vore in publikasies wat met die vierhonderdjarige herdenking van die stigting van die VOC verskyn het en waarin heelwat aandag aan kulturele aspekte gegee word Vergelyk L Akveld en E M Jacobs (reds ), *De Kleurrijke Wereld van de VOC* (THOTH, Bussum, 2002); L Blussé en I Ooms, *Kennis en Compagnie; de Verenigde Oost-Indische Compagnie en de Moderne Wetenschap* (Balans, Leiden, 2002); G J Schutte (red ), *Het Indisch Sion; de Gereformeerde Kerk onder de VOC* (Verloren, Hilversum, 2002)

Southern Africa that there are a few million people to be found today with a language and culture of mainly Dutch origin. Only one of these historians points out that the establishment of a Dutch-speaking society at the Cape was the result of both emigration from Europe and the acceptance of many aspects of Dutch culture by the slaves and the indigenous Khoikhoi population.

**Sleutelwoorde**

A. Biewenga; E.C. Godée Molsbergen; G.J. Schutte; J. Romein; Jan van Riebeeck; Kaapkolonie; Khoikhoi; koloniale geskiedenis; N.G. van Kampen; Nederland; Nederlandse geskiedskrywing; Nederlandse kolonies; Nederlandse kultuur; Nederlandse stam; P. Geyl; R. Ross; Simon van der Stel; U.G. Lauts; Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC); W.C. Mees.

**Key words**

A. Biewenga; Cape Colony; colonial history; Dutch colonies; Dutch culture; Dutch East India Company (VOC / DEIC); Dutch historical writing; Dutch race; E.C. Godée Molsbergen; G.J. Schutte; J. Romein; Jan van Riebeeck; Khoikhoi; N.G. van Kampen; Netherlands; P. Geyl; R. Ross; Simon van der Stel; U.G. Lauts; W.C. Mees.